ERE -

EN

MERIETE TOEKENNINGS

1. TOEKENNING VAN TROFEë

Tans beskik die Verkennersbeweging oor 3(drie) wisseltrofeë, nl. die Prof PG Neltrofee, Verkennerspresidentstrofee en die Steve Strydomtrofee.

1.1 INLEIDING

1.1.1 Aangesien die Verkennersbeweging die alleen eienaar van die trofeë is , kan toekennings slegs deur die Verkennersraad gemaak word.

1.1.2 Die beoordeling sal geskied aan die hand van die beleid van die Beweging en onderhewig aan die kriteria wat daarvoor neergelê is.

1.1.3 Sertifikate sal aan die trofeëwenners met ‘n waardige motivering vir die toekenning daarvan, waar van toepassing, uitgereik word.

1.1.4 Die beslissing van die dagbestuur of komitee is finaal.

1.1.5 Die sekretariaat is verantwoordelik vir die boekhouding en terugvordering van die trofeë

1.2 PROF PG NELTROFEE

1.2.1 Hierdie is ‘n wisseltrofee wat aan die Bobaas-verkenner toegeken word vir besondere en uitstaande bydraes wat op ‘n deurlopende basis as verkenner gelewer is.

1.2.2 Hierdie toekenning word tweejaarliks gemaak.

1.2.3 Die volgende kan in aanmerking geneerm word by die toekenning van die trofee:

1.2.3.1 die deurlopende onverskrokke lojaliteit van die persoon teenoor die Verkennersbeweging en sy beginsels;

1.2.3.2 die voorbeeldige uitdra van die beeld van die beweging na buite deur sy doen en late;

1.2.3.3 die bevordering van die doelstellings van die Beweging;

1.2.3.4 deurlopende dienslewering aan die Beweging;

1.2.3.5 bydraes gelewer op die kullturele terrein binne en buite Verkennersverband.;

1.2.3.6 sy betrokkenheid op vele ander terreine as verteenwoordiger van die Beweging of as lid van die Beweging;

1.2.3.7 sy betrokkenheid en meelewendheid buite Verkennersverband wat ‘n bydrae tot volksbou en volksbehoud gelewer het.

1.2.4 Hierdie trofee kan meermalig aan ‘n persoon toegeken word.

1.2.5 Indien, volgens die mening van die Verkennersraad of Dagbestuur, daar nie ‘n persoon is wat aan die vereistes voldoen nie, sal die trofee nie toegeken word nie.

1.2.6 Die Verkennersraad of Dagbestuur beskik oor die alleenreg om hierdie toekenning te maak.

1.2.7 Die Verkennersraad, Provinsiale-, Streeks- en Posbesture kan persone vir die trofee nomineer met ‘n behoorlike motivering.

1.2.8 Hierdie toekenning word tydens die Nasionale kongresse gedoen.

1.3 VERKENNERSPRESIDENTSTROFEE

1.3.1 Hierdie toekenning word gedoen aan die Bobaas-verkennerspos oor ‘n tydperk van tweejaar.
1.3.2 Die afdelings in die Posverslag wat handel oor die poste se administratiewe verpligtinge en pligsgetrouheid sal persoonlik deur die Dagbestuur gekontroleer moet word voor beoordeling en/of deur die Dagbestuur self geëvalueer word.
1.3.3 Evaluering word gedoen aan die hand van die posverslag wat ingedien moet word.
1.3.4 Beoordeling sal op ‘n vyfpuntskaal en op ‘n amptelike vorm geskied.
1.3.5 Die afdeling wat nie betrekking het op die Pos se verpligtinge en getrouheid teenoor die Raad nie, sal deur ‘n komitee van 3(persone) soos die Raad benoem, behartig word.
1.3.6 Geen Dagbestuurslid wat lid is van ‘n meedingende pos mag by die beoordeling betrokke wees nie.
1.3.7 Die beslissing van die komitee is finaal.
1.3.8 Die Posbestuur is verantwoordelik vir die veilige bewaring van die trofee.
1.3.9 Die Posbestuur is verantwoordelik vir die tydige terugbesorging van die trofee.
1.3.10 Hierdie trofee kan meermalig gedoen word.

1.4 STEVE STRYDOMTROFEE

1.4.1 Hierdie toekenning word jaarliks aan ‘n Verkenner, uitgesluit persone wat op die Verkennersraad dien, gemaak.
1.4.2 Die kriteria wat geld vir die toekenning van die trofee is presies dieselfde soos wat bepaal word by die toekenning van die Prof PG Neltrofee, met die uitsondering dat lede van die van die Raad uitgesluit word en nie in aanmerking sal kom vir die toekenning van hierdie trofee nie.
1.4.3 Die Vderkennersraad, Provinsiale-, Streeks- of Posbesture kan persone vir die toekenning nomineer, met die nodige motivering.
1.4.4 Hierdie toekenning kan meermalig aan ‘n persoon gemaak word.
1.4.5 Hierdie trofee kan tydens ‘n die Nasionale - of Provinsiale kongresse gemaak word.
1.4.6 Indien daar vir ‘n bepaalde jaar nie ‘n persoon genomineer is wat verdienstelik genoeg is nie, behou die Raad hom die reg voor om die toekenning nie te maak nie.

2. TOEKENNING VAN MEDALJES

Die Beweging beskik oor 3 (drie) tipes van medaljes, nl. Brons-, silwer- en gouemedaljes. Die Beweging is verantwoordelik om dit te beheer en aan Poste beskikbaar te stel.

2.1 BRONSMEDALJE

2.1.1 Hierdie medalje word deur die Raad tot die beskikking van die Poste gestel wat dit soos benodig kan aankoop.
2.1.2 Bronsmedaljes word slegs deur Poste toegeken.
2.1.3 Dit kan slegs gemaak word aan persone wat ‘n besondere bydrae gelewer het op die kulturele gebied.
2.1.4 Enige persoon, Verkenner of Nie-verkenner, landswyd of waar ookal kan deur Poste met so’n medalje vereer word.
2.1.5 Indien die toekenning egter vir ‘n bydrae buite die kulturele terrein gemaak wil word, moet die Raad sy toestemming daartoe verleen.
2.1.6 Nominasie kan ook deur verkenners by posbesture gemaak word.

2.2 SILWERMEDALJE

2.2.1 Hierdie medalje is tot die beskikking van Provinsiale- of Streeksbesture wat die alleenreg het om persone daarmee te vereer.
2.2.2 Die medaljes kan van die Raad aangekoop word.

2.2.3 Poste kan persone nom,ineer vir die toekenning by genoemde besture.
2.2.4 Genoemde besture kan na goeddunke self besluit om hierdie toekenning te maak.
2.2.5 Toekennings word alleen gemaak vir besondere bydraes op die kulturele gebied, maar sou dit oorweeg word om vir ‘n buitengewone prestasie op ‘n ander gebied so’n toekenning te maak, moet dit vir goedkeuring aan Raad voorgelê word.
2.2.6 Hierdie toekenning kan aan enige persoon binne of buite verkennersverband gemaak word.

2.3 GOUE-MEDALJE

2.3.1 Algemene beleid

2.3.1.1 Aanbevelings of nominasies vir die toekenning van die medalje kan deur lede van die Raad, Provinsilae-, Streeks- of Posbesture gemaak word.
2.3.1.2 Die toekenning sal hoofsaaklik tydens die Nasionale Kongres gemaak word, maar in uitsonderlike gevalle kan dit tydens spesiale geleenthede gemaak word, indien die Raad so sou besluit.
2.3.1.3 Saam met die medalje word ‘n sertifikaat uitgereik met ‘n waardige motivering vir die toekenning daarvan.
2.3.1.4 Hierdie ere- of meriete toekenning sal slegs gedoen word vir hoogstaande en onbaatsugtige diens aan die Verkennersbeweging of Boerevolk.
2.3.1.5 ‘n Meermalige toekenning kan aan ‘n persoon gemaak word weens die verskeidenheid van terreine waarop hy/sy betrokke kan wees en/of volgehoue onbaatsugtige diens wat deur hom/haar gelewer word.
2.3.1.6 ‘n Persoon se optrede, hetsy in sy/haar persoonlike hoedanigheid, mag nie in stryd wees met die grondslag en doelstellings van die Verkennersbeweging nie.
2.3.1.7 Toekennings sal nie gemaak word vir enige eng party-politieke prestasies nie.

2.3.2 Ontvangers kriteria

Die volgende kriteria ten opsigte van ontvangers is van van toepassing:

2.3.2.1 Verkennersraadslede

a. Uittredende Raadslede

As hy minstens twee termyne aaneenlopend gedien het as lid van die Verkennersraad kan ‘n toekenning gemaak word as:

(i) hy na die oordeel van die Raad getrou was in die bywoning van die vergaderings en
(ii) hy nougeset was in die uitvoering van sy pligte en take wat aan hom opgedra was of waartoe hy hom verbind het en ‘n noemenswaardige bydrae gelewer het in die uitbou van die Beweging.

b. Diensdoende Raadslede

(i) ‘n Toekenning kan aan ‘n Raadslid gemaak word as hy volgens die oordeel van die Raad, as bestuurslid in gemeenskappe of landswyd betrokke was by besondere aksies wat daarop gemik was om die kultuur van die Boerevolk te bevorder of wat daarop gemik was om volksbou en volksbehoud te bevorder.
(ii) ‘n Toekenning kan ook aan ‘n Raadslid gemaak word as hy uitstaande diens aan die Verkennersbeweging gelewer het.

2.3.2.2 Lede en Nie-lede

Die Verkennersraad kan ‘n toekenning aan enige individu/individue/groep maak as hul van mening is dat:

a. daar uitstaande of onbaatsugtige diens aan die Boerevolk gelewer is in die uitdra, uitbou en instandhou van sy kultuur. Die volgende terreine kan o.a. tersprake wees: Godsdiens, kunste, taal, skryfkuns, digkuns, musiek (individueel of orkeste), sang(individueel, groepe of kore), onderwys, toneel, volksfeeste, kultuur in die algemeen, ens.
b. hy as leier sy organisasie met onderskeiding gelei het en so ‘n besondere diens aan sy volk op die kultuurakker lewer of gelewer het.

2.3.2.3 Organisasies

Enige organisasie wat op die kulturele gebied deur sy aktiwiteite en betrokkenheid uitstaande en volgehoue diens aan die Boerevolk lewer of gelewer het, kan met hierdie toekenning vereer word.

2.3.2.4 Postume Toekennings

Hierdie tipe van toekenning kan deur die Verkennersraad gemaak word, indien dit nodig is en daar regverdiging voor is.

3. MERIETE SERTIFIKAAT

3.1 Hierdie sertifikaat word toegeken deur die Verkennersraad vir lang en getroue diensjare in die Beweging op die gebied van leierskap.

3.2 Dit kan toegeken word aan ‘n lid van die Raad, Provinsiale-, Streeks- of Posbestuur of aan ‘n gewone lid.

3.3 Met die nodige motivering kan dit toegeken word aan ‘n persoon wat vir baie jare ‘n getroue lid van die Beweging was.

3.4 Nominasie vir die toekenning van die sertifikaat kan van Posbestuursvlak tot op Raadsvlak ingedien word.

4. ERE-LIDMAATSKAP

4.1 Hierdie toekenning kan gemaak word aan persone wat oor ‘n lang tydperk ‘n besondere bydrae gelewer het tot die uitbou van die Beweging en wat weens die volgende redes, nie meer instaat is om sy verpligtinge as lid van die Beweging na te kom nie:

4.1.1 weens die hoë ouderdom wat bereik is;
4.1.2 weens gesondheidsredes;
4.1.3 weens enige ander rede wat vir die Raad aanvaarbaar is.

4.2 Spesiale voorkeurbehandeling wat so’n persoon wat ‘n Ere-lid is kan ontvang:

4.2.1 uitnodigings as gas na alle verkennersaktiwiteite;
4.2.2 ontvangs van alle studiestukke wat tot die beskikking van poste gestel word.

4.3 Verkennersposte mag Ere-lidmaatskap toeken aan ‘n persoon in posverband met die goedkeuring van die Raad. Die volgende is egter hier van toepassing:

4.3.1 die voorkeurbehandeling wat die persoon sal geniet sal deur die pos bepaal word, maar sal slegs betrekking hê op posaktiwiteiet en
4.3.2 hy sal vrygestel word van ledegeld aan die Raad.